Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA
Government Gazette

VOL. CXVII.] PRYS 6d. PRETORIA, 8 SEPTEMBER 8 SEPTEMBER 1939 PRICE 6d. [No. 2677.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

PROKLAMASIES.

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE SIR PATRICK DUNCAN, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN SINT MICHIEL EN SINT JORIS, EEN VAN SY MAJESTEIT SE ADVOKATE BELESE IN DIE REG, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 198, 1939.]

Nademaal by artikel *tien* van die „ Wet op het Beheer van de Doeane ", 1913 (Wet No. 9 van 1913), die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* plekke kan aanwys as invoerpoorte vir die Unie waarheen of waardeur goedere ingevoer of waardeur hulle uitsluitend uitgevoer mag word, en desgelyks die paaie en roetes in die Unie waaroor goedere na hulle bestemming vervoer mag word, kan verklaar;

En nademaal by subartikel (1) van artikel *agt-en-dertig* van die „ Doeane-tarief en Aksynsrechten Wijzigingswet ", 1925, (Wet No. 36 van 1925), voorsiening gemaak is dat die Mandaatgebied Suidwes-Afrika vir die doel van invordering van doeane- en aksynsregte as 'n deel van die Unie beskou word;

So is dit dat ek, ingevolge die bevoegdhede my verleen, soos vermeld, hierby verklaar, proklameer en bekendmaak dat ek ondergenoemde plekke aangewys het, naamlik:—

Suidwes-Afrika.
Oshikango,
Ondangua,

as addisionele invoerpoorte vir die Unie waarheen of waardeur goedere in- of uitgevoer mag word;

En verder verklaar, proklameer en maak ek bekend dat die direkte pad of roete tussen bogenoemde plekke daardie sal wees waaroor goedere uitsluitend na hulle bestemming vervoer word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Nege-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

N. C. HAVENGA.

All Proclamations, Government and General Notices, published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

PROCLAMATIONS.

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE SIR PATRICK DUNCAN, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, ONE OF HIS MAJESTY'S COUNSEL LEARNED IN THE LAW, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 198, 1939.]

Whereas by section *ten* of the Customs Management Act, 1913 (Act No. 9 of 1913) the Governor-General may by Proclamation in the *Gazette* appoint places to be ports of entry for the Union to or through which goods may be imported or through which alone they may be exported and may in like manner declare the roads or routes in the Union over which alone goods shall be conveyed to their destination;

And whereas by sub-section (1) of section *thirty-eight* of the Customs Tariff and Excise Duties Amendment Act, 1925, (Act No. 36 of 1925) it is provided that the Mandated Territory of South West Africa shall for the purpose of the collection of customs and excise duties be regarded as a part of the Union;

Now therefore under and by virtue of the powers vested in me as aforesaid, I do hereby declare, proclaim and make known that I have appointed the undermentioned places namely:—

South West Africa.
Oshikango,
Ondangua,

to be additional ports of entry for the Union to or through which goods may be imported or exported;

And I do further declare, proclaim and make known that the direct road or route between the above-mentioned places shall be that over which alone goods shall be conveyed to their destination.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of Africa at Pretoria this Twenty-ninth day of August One thousand Nine hundred and Thirty-nine.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of his Excellency the
Governor-General-in-Council.

N. C. HAVENGA.

✱ No. 199, 1939.]

Nademaal dit by artikel *een-en-sewentig(bis)* van die inkomstebelastingwet, 1925 (Wet No. 40 van 1925), bepaal is—

(1) dat die Goewerneur-generaal 'n ooreenkoms met die regering van enige ander land of gebied kan aangaan waarby reëlings met sodanige regering getref word met die doel om die heffing van inkomstebelasting ten opsigte van dieselfde inkomste kragtens die wette van die Unie en van sodanige ander land of gebied te voorkom, te verlig of te staak; en

(2) dat die reëlings getref deur enige sodanige ooreenkoms, so spoedig doenlik na die sluiting van die ooreenkoms, deur die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* bekendgemaak moet word, en daarna, totdat die proklamasie deur die Goewerneur-generaal herroep word, is die reëlings wat daarby bekendgemaak is, vir sover dit betrekking het op immuniteit, vrystelling, of verligting ten opsigte van inkomstebelasting in die Unie, van krag asof dit by daardie Wet ingevoer was, maar slegs indien en terwyl sodanige reëlings, vir sover dit betrekking het op immuniteit, vrystelling of verligting ten opsigte van inkomstebelasting wat in sodanige ander land of gebied gehef of hefbaar is, die krag van wet in sodanige land of gebied het;

En nademaal Sy Majesteit se Regering in die Unie van Suid-Afrika, kragtens die bepalings van subartikel (1) van voornoemde artikel *een-en-sewentig(bis)*, 'n ooreenkoms, soos in daardie subartikel bepaal, met Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk van Groot Brittanje en Noord-Ierland, vir wedersydse vrystellings van inkomstebelasting in sekere gevalle van inkomste, winste of voordele wat uit 'n agentskap ontstaan, aangegaan het;

So is dit dat ek, kragtens die bepalings van subartikel (2) van voornoemde artikel *een-en-sewentig(bis)*, hierby proklameer en bekendmaak dat die reëlings in voornoemde ooreenkoms en bygaande notas gespesifiseer, soos in die bylae van hierdie Proklamasie uiteengesit, getref is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Nege-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

N. C. HAVENGA.

BYLAE.

OOREENKOMS TUSSEN SY MAJESTEIT SE REGERING IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN SY MAJESTEIT SE REGERING IN DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN GROOT-BRITTANJE EN NOORD-IERLAND VIR WEDERKERIGE VRYSTELLING VAN SEKERE AGENTSKAPPROFYTE VAN INKOMSTEBELASTING.

Sy Majesteit se Regering in die Unie van Suid-Afrika (hierna die „ Unie " genoem) en Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland (hierna die „ Verenigde Koninkryk " genoem), begerig synde om 'n ooreenkoms aan te gaan vir die wederkerige vrystelling van Inkomstebelasting in sekere gevalle van inkomste, profyte of winste wat uit 'n agentskap ontstaan, het verklaar en met mekaar ooreengekom as volg:—

Artikel 1.

(1) Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk onderneem om die profyte of winste waarop hierdie artikel betrekking het, solank as die vrystelling vermeld in artikel 2 hiervan van krag is, vrygestel te laat van Inkomstebelasting (insluitende „ Sur-Tax ") wat in die Verenigde Koninkryk hefbaar is vir die jaar van aanslag wat op die sesde dag van April Negentienhonderd Ag-en-dertig begin en vir elke daaropvolgende jaar van aanslag, en om die nodige stappe te doen ingevolge artikel *sewentien* van die Verenigde Koninkryk se Parlementswet wat as die „ Finance Act, 1930 " bekend is, ten einde aan die voornoemde vrystelling krag van wet te verleen.

(2) Die profyte of winste waarop hierdie artikel betrekking het, is enige profyt of wins wat òf direk òf indirek uit 'n agentskap in die Verenigde Koninkryk aan 'n persoon wat in die Unie en nie in die Verenigde Koninkryk woonagtig is nie, toekom, tensy die profyte of winste òf—

(*a*) uit die verkoop van goedere uit voorraad in die Verenigde Koninkryk voortspruit, òf

(*b*) direk of indirek deur enige tak of bestuur in die Verenigde Koninkryk toekom, of deur 'n agentskap in die Verenigde Koninkryk, waar die agent 'n algemene volmag het om kontrakte aan te gaan en te sluit en dit gereeld uitoefen.

Artikel 2.

(1) Sy Majesteit se Regering in die Unie onderneem om die inkomste waarop hierdie artikel betrekking het, solank as die vrystelling vermeld in artikel 1 hiervan van krag is, vrygestel te laat van inkomstebelasting (insluitende superbelasting) wat in die Unie hefbaar is vir die jaar van aanslag wat op die eerste dag van Julie negentienhonderd ag-en-dertig begin, en vir elke daaropvolgende jaar van aanslag, en om die nodige stappe te doen ingevolge artikel *een-en-sewentig(bis)* van die

✱ No. 199, 1939.]

Whereas it is provided by section *seventy-one bis* of the Income Tax Act, 1925, (Act No. 40 of 1925)—

(1) that the Governor-General may enter into an agreement with the Government of any other country or territory, whereby arrangements are made with such Government with a view to the prevention, mitigation or discontinuance of the levying, under the laws of the Union and of such other country or territory, of income tax in respect of the same income; and

(2) that as soon as may be after the conclusion of any such agreement the arrangements thereby made shall be notified by proclamation by the Governor-General in the *Gazette*, whereupon until such proclamation is revoked by the Governor-General, the arrangements notified therein shall, so far as they relate to immunity exemption or relief in respect of Union income tax, have effect as if enacted in that Act, but only if and for so long as such arrangements, so far as they relate to immunity, exemption or relief in respect of income tax levied or leviable in such other country or territory, have the effect of law in such country or territory;

And whereas His Majesty's Government in the Union of South Africa has, under and by virtue of the provisions of sub-section (1) of section *seventy-one bis* aforesaid, entered into an agreement, as in that sub-section provided, with His Majesty's Government in the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, for reciprocal exemptions from income tax in certain cases of income, profits or gains arising through an agency;

Now therefore, under the provisions of sub-section (2) of section *seventy-one bis* aforesaid, I do hereby proclaim and make known that the arrangements specified in the said agreement and accompanying notes as set out in the Schedule to this Proclamation have been made.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Twenty-ninth day of August One thousand Nine hundred and Thirty-nine.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

N. C. HAVENGA.

SCHEDULE.

AGREEMENT BETWEEN HIS MAJESTY'S GOVERNMENT IN THE UNION OF SOUTH AFRICA AND HIS MAJESTY'S GOVERNMENT IN THE UNITED KINGDOM OF GREAT BRITAIN AND NORTHERN IRELAND FOR RECIPROCAL EXEMPTION OF CERTAIN AGENCY PROFITS FROM INCOME TAX.

His Majesty's Government in the Union of South Africa (hereinafter referred to as the " Union ") and His Majesty's Government in the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland (hereinafter referred to as the " United Kingdom "), being desirous of concluding an agreement for reciprocal exemption from Income Tax in certain cases of income, profits or gains arising through an agency, have agreed and declared as follows:—

Article 1.

(1) His Majesty's Government in the United Kingdom undertake that the profits or gains to which this Article relates shall, so long as the exemption specified in Article 2 hereof remains effective, be exempted from Income Tax (including Sur-Tax) chargeable in the United Kingdom for the year of assessment commencing on the sixth day of April, Nineteen hundred and Thirty-eight, and for every subsequent year of assessment, and will take the necessary action under section *seventeen* of the Act of Parliament of the United Kingdom known as the Finance Act, 1930, with a view to giving the force of law to the exemption aforesaid.

(2) The profits or gains to which this Article relates are any profits or gains arising, whether directly or indirectly, through an agency in the United Kingdom to a person who is resident in the Union and is not resident in the United Kingdom, unless the profits or gains either—

(*a*) arise from the sale of goods from a stock in the United Kingdom, or

(*b*) accrue directly or indirectly through any branch or management in the United Kingdom or through an agency in the United Kingdom where the agent has and habitually exercises a general authority to negotiate and conclude contracts.

Article 2.

(1) His Majesty's Government in the Union undertake that the income to which this Article relates shall, so long as the exemption specified in Article 1 hereof remains effective, be exempted from Income Tax (including Super Tax) chargeable in the Union for the year of assessment commencing on the first day of July, Nineteen hundred and Thirty-eight, and for every subsequent year of assessment, and will take the necessary action under section *seventy-one bis* of the Act of

Unie se parlementswet wat as die Inkomstebelastingwet, 1925, bekend is, ten einde aan die voornoemde vrystelling krag van wet te verleen.

(2) Die inkomste waarop hierdie artikel betrekking het, is inkomste wat òf direk òf indirek uit 'n agentskap in die Unie aan 'n persoon wat in die Verenigde Koninkryk en nie in die Unie woonagtig is nie, toekom tensy die inkomste òf—

(*a*) uit die verkoop van goedere uit 'n voorraad in die Unie voortspruit, òf

(*b*) direk of indirek deur enige tak of bestuur in die Unie toekom of deur 'n agentskap in die Unie, waar die agent 'n algemene volmag het om kontrakte aan te gaan en te sluit en dit gereeld uitoefen.

Artikel 3.

Voorts verklaar Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk hierby, dat, kragtens die wette van die Verenigde Koninkryk in verband met Inkomstebelasting, 'n agent in die Verenigde Koninkryk, deur wie verkope of transaksies aangegaan is vir 'n persoon wat nie in die Verenigde Koninkryk woonagtig is nie, nie, namens daardie persoon, aan Inkomstebelasting (insluitende Sur-Tax) onderworpe is nie ten opsigte van profyte of winste wat aan daardie persoon uit daardie verkope of transaksies toekom ingeval so'n agent òf—

(*a*) nie 'n gemagtigde persoon, wat die agentskap van daardie nie-ingesetene persoon gereeld dryf, is nie, òf

(*b*) 'n makelaar of algemene kommissie-agent is wat, nieteenstaande hy as makelaar of algemene kommissie-agent vir daardie nie-ingesetene persoon gereeld optree, 'n persoon is wat *bona fide* die besigheid van makelaar of algemene kommissie-agent in Groot-Brittanje of Noord-Ierland dryf en wat namens daardie nie-ingesetene persoon die voornoemde verkope of transaksies in die gewone loop van sy besigheid as makelaar of algemene kommissie-agent uitvoer teen betaling volgens 'n tarief wat nie laer is nie as daardie wat vir dié soort besigheid gebruiklik is.

Artikel 4.

Sy Majesteit se Regering in die Unie onderneem voorts, dat, solank die toestand kragtens die wette van die Verenigde Koninkryk, soos in artikel 3 hiervan verklaar, van krag is, 'n agent in die Unie, deur wie verkope of transaksies aangegaan is vir 'n persoon wat in die Verenigde Koninkryk, en nie in die Unie woonagtig is nie, nie, namens daardie persoon, aan Inkomstebelasting (insluitende Superbelasting) in die Unie onderworpe sal wees nie vir die jaar van aanslag wat op die eerste dag van Julie, negetienhonderd ag-en-dertig begin, of vir enige daaropvolgende jaar van aanslag, ten opsigte van inkomste wat aan daardie persoon uit daardie verkope of transaksies toekom ingeval so'n agent òf—

(*a*) nie 'n gemagtigde persoon, wat die agentskap van daardie nie-ingesetene persoon gereeld dryf, is nie òf

(*b*) 'n makelaar of algemene kommissie-agent is wat, nieteenstaande hy as makelaar of algemene kommissie-agent vir daardie nie-ingesetene persoon gereeld optree, 'n persoon is wat *bona fide* die besigheid van makelaar of algemene kommissie- agent in die Unie dryf en wat namens daardie nie-ingesetene persoon die voornoemde verkope of transaksies in die loop van sy besigheid as makelaar of algemene kommissie-agent uitvoer teen betaling volgens 'n tarief wat nie laer is nie as daardie wat vir dié soort besigheid gebruiklik is,

en Sy Majesteit se Regering in die Unie sal, ingevolge voormelde artikel *een-en-sewentig bis*, die nodige stappe doen om aan hul voornoemde onderneming krag van wet te verleen.

Artikel 5.

Vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms, sluit die woord „ persoon " 'n liggaam van persone in, hetsy ingelyf of nie, en 'n ingelyfde liggaam moet as in die Verenigde Koninkryk woonagtig beskou word indien sy besigheid in die Verenigde Koninkryk bestuur en gekontroleer word en moet as in die Unie woonagtig beskou word indien sy besigheid in die Unie bestuur en gekontroleer word.

Artikel 6.

Hierdie Ooreenkoms kan te eniger tyd met ses maande opsegging, van die een Regering aan die ander, beëindig word.

Gedoen te Londen in duplo, in die Engelse en in die Afrikaanse tale, op die twintigste dag van Julie negentienhonderd nege-en-dertig.

Geteken namens Sy Majesteit se Regering in die Unie van Suid-Afrika.

C. T. TE WATER.

Geteken namens Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland.

T. W. H. INSKIP.

Parliament of the Union known as the Income Tax Act, 1925, with a view to giving the force of law to the exception aforesaid.

(2) The income to which this Article relates is any income arising, whether directly or indirectly, through an agency in the Union to a person who is resident in the United Kingdom and is not resident in the Union, unless the income either—

(*a*) arises from the sale of goods from a stock in the Union, or

(*b*) accrues directly or indirectly through any branch or management in the Union or through an agency in the Union where the agent has and habitually exercises a general authority to negotiate and conclude contracts.

Article 3.

Furthermore, His Majesty's Government in the United Kingdom hereby declare that, under the laws of the United Kingdom relating to Income Tax, an agent in the United Kingdom through whom sales or transactions are carried out on behalf of a person who is not resident in the United Kingdom is not chargeable, on behalf of that person, to Income Tax (including Sur-Tax) in respect of profits or gains arising to that person from those sales or transactions if such agent—

(*a*) is not an authorised person carrying on the regular agency of that non-resident person, or

(*b*) is a broker or general commission agent who, notwithstanding that he acts regularly for that non-resident person as broker or general commission agent, is a person who carries on bona fide the business of a broker or general commission agent in Great Britain or Northern Ireland and carries out the said sales or transactions on behalf of that non-resident person in the ordinary course of his business as broker or general commission agent for remuneration at a rate not less than that customary in the class of business in question.

Article 4.

His Majesty's Government in the Union further undertake that, so long as the position under the laws of the United Kingdom remains as declared in Article 3 hereof, an agent in the Union through whom sales or transactions are carried out on behalf of a person resident in the United Kingdom and not resident in the Union shall not be chargeable, on behalf of that person, to Income Tax (including Super Tax) in the Union for the year of assessment commencing on the first day of July, nineteen hundred and thirty-eight, or for any subsequent year of assessment, in respect of income arising to that person from those sales or transactions if such agent—

(*a*) is not an authorised person carrying on the regular agency of that non-resident person, or

(*b*) is a broker or general commission agent who, notwithstanding that he acts regularly for that non-resident person as broker or general commission agent, is a person who carries on bona fide the business of a broker or general commission agent in the Union and carries out the said sales or transactions on behalf of that non-resident person in the ordinary course of his business as broker or general commission agent for remuneration at a rate not less than that customary in the class of business in question,

and His Majesty's Government in the Union will take the necessary action under section *seventy-one bis* aforementioned with a view to giving the force of law to their undertaking aforesaid.

Article 5.

For the purposes of this Agreement the word " person " includes any body of persons, corporate or not corporate, and a body corporate shall be regarded as resident in the United Kingdom if its business is managed and controlled in the United Kingdom, and shall be regarded as resident in the Union if its business is managed and controlled in the Union.

Article 6.

This Agreement may be denounced at any time upon six months' notice being given by one Government to the other.

Done at London in duplicate, in the English and Afrikaans languages, on the twentieth day of July nineteen hundred and thirty-nine.

Signed on behalf of His Majesty's Government in the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland.

T. W. H. INSKIP.

Signed on behalf of His Majesty's Government in the Union of South Africa.

C. T. TE WATER.

BRIEF VAN SIR THOMAS INSKIP AAN MNR. C. T. TE WATER AANGAANDE PROVINSIALE BELASTING IN DIE UNIE.

Londen,
20 Julie 1939.

Meneer,

In verband met die ondertekening vandag van die ooreenkoms tussen die Regerings van Sy Majesteit in die Verenigde Koninkryk en die Unie van Suid-Afrika vir die wederkerige vrystelling van belasting in sekere gevalle van inkomste, profyte of winste wat uit 'n agentskap ontstaan, wens die Regering van Sy Majesteit in die Verenigde Koninkryk die Regering van Sy Majesteit in die Unie van Suid-Afrika te verwittig dat, met die oog op die versekerings in paragraaf 5 van Generaal Hertzog se depêche No. 211 van 20 Desember 1933 vervat, naamlik dat „Die belastings op inkomste wat deur die verskillende provinsies opgelê is, dié wat deur die Regering van die Unie opgelê is, opvolg; en dat enige wysiging van die Uniewet outomaties op enige verpligting onder die provinsiale ordonnansies van toepassing is", die Regering van Sy Majesteit in die Verenigde Koninkryk geen bepalings, wat spesifiek betrekking op provinsiale belasting het, in die ooreenkoms wou insluit nie, maar dat dit nodig sal wees om die posisie weer te oorweeg, indien daar later moeilikhede in verband met provinsiale belasting mag ontstaan.

U dienswillige,
T. W. H. INSKIP.

BRIEF VAN MNR. C. T. TE WATER AAN SIR THOMAS INSKIP AANGAANDE DIE AFRIKAANSE TEKS VAN DIE OOREENKOMS.

Londen,
20 Julie 1939.

Meneer,

Met verwysing na die Ooreenkoms tussen die Regering van Sy Majesteit in die Unie van Suid-Afrika en die Regering van Sy Majesteit in die Verenigde Koninkryk wat vandag geteken is, vir die wederkerige vrystelling van belasting in sekere gevalle van inkomste, profyte of winste wat uit 'n agentskap ontstaan, is my opgedra om u die versekering van die Regering van Sy Majesteit in die Unie van Suid-Afrika te gee, dat die Afrikaanse bewoording van bogenoemde ooreenkoms 'n korrekte en juiste vertaling van die Engelse bewoording is.

U dienswillige,
C. T. TE WATER.

BRIEF VAN MNR. C. T. TE WATER AAN SIR THOMAS INSKIP AANGAANDE VRYSTELLING VAN BELASTING OP PROFYTE, MET UITSONDERING VAN INKOMSTEBELASTING.

Londen,
20 Julie 1939.

Meneer,

In verband met die ondertekening vandag van die Ooreenkoms tussen die Regerings van Sy Majesteit in die Unie van Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk, waarby reëlings getref word vir die wederkerige vrystelling van Inkomstebelasting in sekere gevalle van inkomste, profyte of winste wat uit 'n agentskap ontstaan, is dit my opgedra om u die versekering van die Regering van Sy Majesteit in die Unie van Suid-Afrika te gee, dat winste van die handel en van bedrywe wat, kragtens gemelde reëlings, vrygestel word van Inkomstebelasting wat in die Unie hefbaar is, vrygestel word van alle belastings wat in die Unie op winste van die handel en van bedrywe hefbaar is.

U dienswillige,
C. T. TE WATER.

Letter from SIR THOMAS INSKIP to MR. C. T. TE WATER on the subject of Provincial Taxation in the Union.

London,
20th July, 1939.

Sir,

In connexion with the signature today of the Agreement between His Majesty's Governments in the United Kingdom and the Union of South Africa for the reciprocal exemption from taxation in certain cases of income, profits or gains arising through agencies, His Majesty's Government in the United Kingdom wish to inform His Majesty's Government in the Union of South Africa that, in view of the assurances given in the paragraph 5 of General Hertzog's despatch No. 211 of the 20th December, 1933, that "The taxes upon income imposed by the several Provinces follow that imposed by the Government of the Union and any amendment of the Union Act will apply automatically to any liability under the Provincial Ordinances", His Majesty's Government in the United Kingdom have not sought to include in the Agreement any provisions relating specifically to Provincial taxation, but that it will be necessary to reconsider the position if difficulties should hereafter arise in connection with Provincial taxation.

I have the honour to be,
Sir,
Your obedient servant,
T. W. H. INSKIP.

Letter from MR. C. T. TE WATER to SIR THOMAS INSKIP regarding the Afrikaans text of the Agreement.

London,
20th July, 1939.

Sir,

With reference to the Agreement for the reciprocal exemption from taxation in certain cases of income, profits or gains arising through Agencies, between His Majesty's Government in the Union of South Africa and His Majesty's Government in the United Kingdom, which was signed today, I have the honour, by direction, to convey to you the assurance of His Majesty's Government in the Union of South Africa that the Afrikaans text of the above Agreement is a true and accurate version of the English text.

I have the honour to be,
Sir,
Your obedient servant,
C. T. TE WATER.

Letter from MR. C. T. TE WATER to SIR THOMAS INSKIP on the subject of relief from taxation on profits other than Income Tax.

London,
20th July, 1939.

Sir,

In connection with the signature today of the Agreement between His Majesty's Governments in the Union of South Africa and in the United Kingdom, whereby arrangements are made for reciprocal exemption from income tax in certain cases of income, profits or gains arising through an agency, I have the honour, by direction, to convey to you the assurance of His Majesty's Government in the Union of South Africa that profits of trades or businesses which, by virtue of those arrangements, are relieved from Income Tax chargeable in the Union are relieved from all taxes chargeable in the Union on the profits of trades or businesses.

I have the honour to be,
Sir,
Your obedient servant,
C. T. TE WATER.

✱ No. 200, 1939.]

VERKIESING VAN 'N LID VAN DIE NATURELLE-VERTEENWOORDIGENDE RAAD DEUR DIE NATURELLE-ADVISERENDE KOMITEES VAN DIE KIESGEBIED VAN DIE PROVINSIE NATAL.

Nademaal 'n vakature op die Naturelle-verteenwoordigende Raad vir die kiesgebied van die provinsie Natal ontstaan het;

So is dit dat ek, ingevolge die bevoegdheid en magte my verleen by artikel *een-en-dertig* van die Naturelle-verteenwoordigings Wet, 1936 (Wet No. 12 van 1936) as volg proklameer, verklaar, en bekendmaak:—

(1) Dat nominasies van kandidate vir verkiesing as 'n lid van die Naturelle-verteenwoordigende Raad deur die Naturelle-adviserende Komitees van die kiesgebied van van die provinsie Natal, voor of op Vrydag, 17 November 1939 ingedien moet word.

(2) Dat indien 'n stemming nodig word omrede meer as een persoon genomineer is, die stemming op Vrydag, 26 Januarie 1940 sal plaasvind.

✱ No. 200, 1939.]

ELECTION OF A MEMBER OF THE NATIVES REPRESENTATIVE COUNCIL BY THE NATIVE ADVISORY BOARDS OF THE ELECTORAL AREA OF THE PROVINCE OF NATAL.

Whereas a vacancy on the Natives Representative Council has occurred in the electoral area of the Province of Natal;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by section *thirty-one* of the Representation of Natives Act, 1936 (Act No. 12 of 1936), I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

(1) That Friday, the 17th day of November, 1939, shall be the day upon or before which nominations of candidates for election as a member of the Natives Representative Council by the Native Advisory Boards of the electoral area of the Province of Natal shall be lodged.

(2) That if a poll becomes necessary for the reason that more than one person shall have been duly nominated the poll shall be taken on Friday, the 26th day of January, 1940.

(3) Dat die Hoofnaturellekommissaris van Natal, Pietermaritzburg, of enigeen wat wettig in daardie hoedanigheid optree, die kiesbeampte vir en ten opsigte van genoemde verkiesing is en hierby as sodanige aangestel word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. A. FAGAN.

(3) That the Chief Native Commissioner of Natal, Pietermaritzburg, or any person lawfully acting in that capacity, shall be and is hereby appointed to be the Returning Officer for and in respect of the said election.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of August One thousand Nine hundred and Thirty-nine.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. A. FAGAN.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1374.] [8 September 1939.

AANSTELLING VAN KOMMISSARISSE VAN EDE.

Kragtens artikel *ses* van Wet No. 16 van 1914, het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal die volgende persone aangestel as Kommissarisse van Ede vir die tydperk en gebied teenoor hul name vermeld:—

BYLAE.

Naam.		*Gebied.*
Ian Duncanson Wedderburn Bell	Vir solank hy Adjunk-inspekteur van Myne is	Provinsies die Kaap en Natal.
Victor Holmes McNaghten Barrett	Vir solank hy Inspekteur van Myne is	Provinsie die Kaap.
Albert Duncan Vos	Vir solank hy Assistent-inspekteur van Myne is	Provinsie die Kaap.
George Denys Richard Harland-Bowden	Vir solank hy Adjunk-inspekteur van Myne is	Provinsie die Kaap.
Theodore Ernest Charles Stanton	Vir solank hy Inspekteur van Masjinerie is	Provinsies die Kaap en Natal.
Charles Edward Hopley	Vir solank hy Adjunk-inspekteur van Myne is	Provinsies die Kaap en Oranje-Vrystaat.
William Arthur Pitts	Vir solank hy Inspekteur van Masjinerie is	Provinsie die Kaap.
Cecil John Hopewell	Vir solank hy Assistent-inspekteur van Masjinerie is	Provinsie die Kaap.
Carl Frederick Ziervogel	Vir solank hy Assistent-inspekteur van Myne is	Die Unie.
Richard Alexander Irvine	Vir solank hy Assistent-inspekteur van Myne is	Die Unie.
Jacobus de Villiers Lambrechts	Vir solank hy Adjunk-inspekteur van Myne is	Die Unie.
Allan Spencer White	Vir solank hy Adjunk-koopvaardymeester in die Departement van Doeane en Aksyns in Kaapstad is	Distrik die Kaap.
Hamlyn Denys Beverley	Vir solank hy Waarnemende Adjunk-koopvaardymeester in die Departement van Doeane en Aksyns in Durban is	Distrik Durban.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1353.] [8 September 1939.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE KOOPVAARDYMEESTER, DURBAN.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *een* van Wet No. 23 van 1875 (Natal), die aanstelling van William Lancashire as waarnemende Koopvaardymeester in Durban gedurende die afwesigheid met verlof van Harold Mainwaring Rhodes vir die tydperk 1 Augustus 1939 tot 11 September 1939 goed te keur.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF JUSTICE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1374.] [8 September 1939.

APPOINTMENT OF COMMISSIONERS OF OATHS.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *six* of Act No. 16 of 1914, appointed the persons mentioned in the following Schedule to be Commissioners of Oaths for the period and area set opposite their names.

SCHEDULE.

Name.		*Area.*
Ian Duncanson Wedderburn Bell	Whilst he is Deputy Inspector of Mines	Provinces of the Cape and Natal.
Victor Holmes McNaghten Barrett	Whilst he is Inspector of Mines	Province of the Cape.
Albert Duncan Vos	Whilst he is Assistant Inspector of Mines	Province of the Cape.
George Denys Richard Harland-Bowden	Whilst he is Deputy Inspector of Mines	Province of the Cape.
Theodore Ernest Charles Stanton	Whilst he is Inspector of Machinery	Provinces of the Cape and Natal.
Charles Edward Hopley	Whilst he is Deputy Inspector of Mines	Provinces of the Cape and Orange Free State.
William Arthur Pitts	Whilst he is Inspector of Machinery	Province of the Cape.
Cecil John Hopewell	Whilst he is Assistant Inspector of Machinery	Province of the Cape.
Carl Frederick Ziervogel	Whilst he is Assistant Inspector of Mines	The Union.
Richard Alexander Irvine	Whilst he is Assistant Inspector of Mines	The Union.
Jacobus de Villiers Lambrechts	Whilst he is Deputy Inspector of Mines	The Union.
Allan Spencer White	Whilst he is Deputy Shipping Master in the Department of Customs and Excise at Capetown	District of the Cape.
Hamlyn Denys Beverley	Whilst he is Acting Deputy Shipping Master in the Department of Customs and Excise at Durban	District Durban.

DEPARTMENT OF FINANCE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1353.] [8 September 1939.

APPOINTMENT OF ACTING SHIPPING MASTER, DURBAN.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General by virtue of the powers vested in him by section *one* of Act No. 23 of 1875 (Natal), has been pleased to approve of the appointment of William Lancashire as Acting Shipping Master, Durban, during the absence on leave of Harold Mainwaring Rhodes, for the period 1st August, 1939 to 11th September, 1939.

No. 1354.] [8 September 1939.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat William Lancashire aangestel is as waarnemende Invorderaar van Doeane en Aksyns in Durban, gedurende die afwesigheid met verlof van Harold Mainwaring Rhodes, vir die tydperk 1 Augustus 1939 to 11 September 1939.

✱ No. 1356.] [8 September 1939.

HERVERPAKKING VAN WITSPIRITUS EN BENSIEN IN ENTREPOT.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane en Aksyns, ingevolge die bevoegdhede hom verleen by artikel *vier-en-sestig* van die Wet op het Beheer van de Doeane, 1913 (Wet No. 9 van 1913), sy goedkeuring geheg het aan die wysiging van reël 11 (4), gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 195 van 1934, soos gewysig, deur die woorde „ en bensien " deur die woorde „ witspiritus en bensien (insluitende spesiale kookpuntspiritus) " te vervang.

✱ No. 1361.] [8 September 1939.

GEWYSIGDE AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal kragtens Goewermentskennisgewing No. 1807 van 26 November 1937 vergunning verleen is aan die firma The Texas Company (South Afrika), Ltd., in die Provinsie Kaap die Goeie Hoop vir die gebruik van 'n sekere perseel in Orange Groveweg, Wes-Bank, Oos-Londen, bevattende vier staal-opbergtenke en sekere pyplyne, met 'n totale inhoudsmaat van 2,510,302 imperiale gellings, vir die opberging en bewaring van petroleumprodukte in massa, onder waarborg ingevoer sonder betaling van doeaneregte by die eerste inklaring daarvan;

So word hierby bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane, kragtens die bepalings van artikel *twee-en-vyftig* van die „ Wet op het Beheer van de Doeane, 1913 " (Wet No. 9 van 1913), sy goedkeuring geheg het aan die wysiging van die opslagruimte wat tans bestaan uit vyf staal-opbergtenke en sekere pyplyne met 'n totale inhoudsmaat van 2,696,530 imperiale gellings vir pakhuisdoeleindes, vir die opberging en bewaring van petroleumprodukte in massa goedgekeur is.

✱ No. 1363.] [8 September 1939.

Staat van Skatkisontvangste en -uitbetalings van 1 April tot 31 Augustus 1939.

Tesourie, Pretoria.

No. 1354.] [8 September 1939.

It is hereby notified for general information that William Lancashire has been appointed Acting Collector of Customs and Excise, Durban, during the absence on leave of Harold Mainwaring Rhodes, during the period 1st August, 1939, to 11th September, 1939.

✱ No. 1356.] [8 September 1939.

REPACKING OF WHITE SPIRITS AND BENZINES IN BOND.

It is hereby notified for general information that the Commissioner of Customs and Excise, under the powers vested in him by section *sixty-four* of the Customs Management Act, 1913 (Act No. 9 of 1913), has approved of the amendment of Rule 11 (4), published under Government Notice No. 195 of 1934, as amended, by the substitution for the words " and benzine " of the words, " white spirits and benzines (including special boiling point spirits) ".

✱ No. 1361.] [8 September 1939.

AMENDMENT OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas by Government Notice No. 1807 of 26 November, 1937, permission was granted to Messrs. The Texas Company (South Africa), Ltd., in the Province of Cape of Good Hope for use of certain premises situate off Orange Grove Road, West Bank, East London, comprising four steel storage tanks and certain pipe-lines having a total capacity of 2,510,302 imperial gallons, for the securing and warehousing under bond of petroleum products in bulk imported without payment of duty on the first entry thereof;

Notice is hereby given that under the provisions of section *fifty-two* of the Customs Management Act, 1913 (Act No. 9 of 1913), the Commissioner of Customs has approved of the amendment of the bond area which now consists of five steel storage tanks and certain pipe-lines having a total capacity of 2,696,530 imperial gallons, for the purpose of the bonded warehouse, which has now been approved for the securing and warehousing under bond of petroleum products.

✱ No. 1363.] [8 September 1939.

Statement of Exchequer Receipts and Issues from 1st April, to 31st August, 1939.

Treasury, Pretoria.

ONTVANGSTE—RECEIPTS.

Hoofde van Inkomste.	Heads of Revenue.	Maand Augustus. *Month of August.*		Totaal 1 April tot 31 Augustus. *Total 1st April to 31st August.*	
		1939.	1938.	1939.	1938.
		£	£	£	£
Skatkissaldo's 31 Maart 1939	Exchequer Balances, 31st March, 1939	—	—	1,325,813	—
Skatkissaldo 31 Julie 1939	Exchequer Balances, 31st July, 1939	2,187,752	—	—	—
Op Inkomsterekening.	*On the Revenue Account.*				
Invoerregte en Aksyns	Customs and Excise	1,084,807	*1,180,604*	5,314,581	*5,068,355*
Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese	Posts, Telegraphs and Telephones	426,146	*406,560*	2,444,261	*2,273,629*
Binnelandse Inkomste	Inland Revenue	6,107,212	*5,655,208*	10,047,190	*9,735,518*
		7,618,165	*7,242,372*	17,806,032	*17,077,502*
Nasionale Padfonds	National Road Fund	183,777	*156,025*	741,769	*676,073*
Suid-Afrikaanse Naturelletrust	South African Native Trust	159,400	*166,115*	656,491	*626,405*
		7,961,342	*7,564,512*	19,204,292	*18,379,980*
Op Leningsrekening.	*On the Loan Account.*				
Terugbetaalde Lenings	Loan Recoveries	233,227	*192,081*	934,349	*806,752*
Tydelike Lenings opgeneem	Temporary Loans raised	4,080,023	—	20,274,028	—
Unie van Suid-Afrika 4 persent Ingeskrewe Effekte	Union of South Africa 4 per cent. Inscribed Stock	47,200	—	601,900	—
Unie van Suid-Afrika 3½ persent Plaaslik Geregistreerde Effekte, 1954–59	Union of South Africa 3½ per cent. Local Registered Stock, 1954–59	301,000	—	2,723,600	—
Unie van Suid-Afrika 3½ persent Ingeskrewe Effekte, 1954–59	Union of South Africa 3½ per cent. Inscribed Stock, 1954–59	1,125,094	—	4,735,094	—
Ander Ontvangste.	*Other Receipts.*				
Terugstortings-inkomstebegrotingsposte, 1938–39	Surrenders Revenue Votes, 1938–39	25,074	—	165,447	—
Terugstortings-leningsbegrotingsposte, 1938–39	Surrenders Loan Votes, 1938–39	27,871	—	209,134	—
Gedeelte besteding van surplus inkomste op 31/3/39 Gekrediteer na die „ Addisionele Verdedigingsrekening " Kragtens Artikel 1 van Wet No. 33 van 1939	Part Disposal of Surplus Revenue at 31/3/39 Credited to the "Additional Defence Account " in terms of Section 1 of Act No. 33 of 1939	100,000	—	100,000	—
TOTAAL	TOTAL £	13,900,831	—	48,947,844	—
TOTAAL (insluitende Aanvangsaldo)	TOTAL (including opening Balance) £	16,088,583	—	50,273,657	—

UITBETALINGS—ISSUES.

Dienste.	Service.	Begroting, *Estimate*, 1939–40.	Maand Augustus. *Month of August.*		Totaal 1 April tot 31 Augustus. *Total 1st April to 31st August.*	
			1939.	1938.	1939.	1938.
		£	£	£	£	
Op Inkomsterekening.	*On the Revenue Account.*					
1. S.E. die Goewerneur-generaal	H.E. the Governor-General	26,630	1,000	*1,000*	15,000	*13,000*
2. Senaat	Senate	44,372	3,938	*3,350*	19,638	*18,160*
3. Volksraad	House of Assembly	144,982	15,405	*11,314*	66,683	*43,328*
4. Eerste Minister en Buitelandse Sake	Prime Minister and External Affairs	169,650	15,000	*11,000*	57,000	*46,000*
5. Justisie	Justice	98,000	8,000	*8,000*	45,000	*44,000*
6. Hoër Howe	Superior Courts	274,370	22,000	*22,800*	107,370	*114,800*
7. Magistrate en Distriksadministrasie	Magistrates and District Administration	730,250	60,000	*57,720*	304,250	*296,720*
8. Gevangenisse	Prisons and Gaols	712,823	61,000	*56,000*	285,000	*285,000*
9. Polisie	Police	3,067,719	235,000	*236,000*	1,249,000	*1,162,000*
10. Tesourie	Treasury	48,870	4,000	*4,000*	20,000	*18,000*
11. Staatskuld	Public Debt	6,029,378	368,014	*344,044*	2,178,143	*2,217,148*
12. Pensioene	Pensions	5,304,250	400,000	*400,000*	2,305,000	*2,218,500*
13. Provinsiale Administrasies	Provincial Administrations	7,030,728	847,100	*918,000*	4,637,800	*4,525,000*
14. Diverse Dienste	Miscellaneous Service	109,550	5,000	*6,600*	34,000	*36,000*
15. Hoë Kommissaris in Londen	High Commissioner in London	78,000	6,000	*7,000*	29,000	*29,000*
16. Binnelandse Inkomste	Inland Revenue	203,870	16,870	*17,000*	84,870	*78,000*
17. Invoerregte en Aksyns	Customs and Excise	315,485	27,000	*27,000*	127,485	*124,200*
18. Auditeursdepartement	Audit	78,500	6,600	*6,300*	32,400	*32,300*
19. Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte	State Advances Recoveries Office	118,000	11,000	*10,900*	45,500	*46,000*
20. Handel en Nywerheid	Commerce and Industries	141,643	9,643	*50,500*	39,643	*125,500*
21. Verdediging	Defence	2,237,620	200,000	*160,000*	830,000	*690,000*
22. Lande	Lands	387,727	11,000	*31,000*	136,000	*146,000*
23. Registrasiekantoor	Deeds	69,081	5,000	*5,000*	25,000	*25,000*
24. Opmetings	Surveys	111,545	10,000	*5,000*	50,000	*25,000*
25. Mynwese	Mines	816,297	68,000	*68,000*	297,000	*281,000*
26. Besproeiing	Irrigation	347,630	25,000	*30,000*	111,000	*120,000*
27. Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese	Posts, Telegraphs en Telephones	4,336,600	320,000	*392,000*	1,720,000	*1,657,000*
28. Publieke Werke	Public Works	1,479,629	100,000	*117,000*	528,300	*501,500*
29. Binnelandse Sake	Interior	365,480	32,500	*37,000*	168,500	*153,000*
30. Staatsdienskommissie	Public Service Commission	31,850	2,500	*3,000*	12,500	*11,000*
31. Hospitale vir Sielsiekes en Inrigtings vir Swaksinniges	Mental Hospitals and Institutions for Feeble Minded	807,850	65,000	*65,000*	327,000	*294,000*
32. Drukwerk en Skryfbehoeftes	Printing and Stationery	382,991	30,000	*30,000*	145,000	*155,000*
33. Volksgesondheid	Public Health	830,800	65,000	*55,000*	267,500	*240,000*
34. Naturellesake	Native Affairs	728,330	74,000	*50,000*	302,000	*248,000*
35. Unie-Onderwys	Union Education	1,231,105	117,000	*95,000*	662,000	*623,000*
36. Industrieskole en Verbeteringsgestigte	Industrial Schools and Reformatories	183,491	15,000	*15,000*	76,000	*66,000*
37. Volkswelsyn	Social Welfare	729,262	64,000	*51,000*	289,262	*238,000*
38. Arbeid	Labour	534,493	48,000	*50,000*	158,000	*170,000*
39. Landbou	Agriculture	1,301,001	170,000	*133,000*	640,000	*672,000*
40. Landbou (Hulp aan Boere)	Agriculture (Assistance to Farmers)	1,992,500	100,000	*132,000*	642,000	*569,000*
41. Landbou (Algemeen)	Agriculture (General)	304,700	10,000	*12,000*	90,000	*93,000*
42. Landbou (Onderwys en Proefplase)	Agriculture (Education and Experimental Farms)	216,378	12,000	*15,000*	80,000	*71,000*
43. Landbou (Bosbou)	Agriculture (Forestry)	288,584	25,250	*25,000*	118,250	*99,000*
		*£ 44,442,014	3,691,820	*3,773,928*	19,358,094	*18,620,156*
Nasionale Padfonds	National Road Fund †	1,850,000	183,777	*156,025*	758,403	*676,073*
Suid-Afrikaanse Naturelletrust	South African Native Trust †	788,000	159,400	*166,115*	661,638	*626,405*
		47,080,014	4,034,997	*4,096,068*	20,778,135	*19,922,634*
Op Leningsrekening.	*On the Loan Account.*					
A. Spoorweë en Hawens	Railways and Harbours	6,500,000	500,000	*300,000*	2,110,222	*1,700,000*
B. Publieke Werke	Public Works	1,800,000	90,000	*133,000*	490,000	*725,500*
C. Telegraaf- en Telefoonwese	Telegraphs and Telephones	1,295,000	100,000	*150,000*	450,000	*520,000*
D. Lande en Nedersettings	Lands and Settlements	1,737,000	80,000	*20,000*	380,000	*662,000*
E. Besproeiing	Irrigation	1,597,400	110,000	*120,000*	585,000	*540,000*
F. Plaaslike Werke en Lenings	Local Works and Loans	6,621,100	205,470	*266,816*	1,797,531	*1,334,716*
G. Land- en Landboubank	Land and Agricultural Bank	1,000,000	250,000	*150,000*	250,000	*200,000*
H. Bosbou	Forestry	367,550	37,250	*25,000*	153,250	*131,000*
J. Naturellesake	Native Affairs	1,000,000	—	*360,000*	—	*710,000*
K. Landbou	Agriculture	414,500	10,000	*10,000*	68,000	*127,500*
L. Arbeid	Labour	228,000	20,000	*33,000*	68,000	*80,000*
M. Hulp aan Boere	Assistance to Farmers	750,000	50,000	*195,000*	345,000	*750,000*
N. Volkswelsyn	Social Welfare	80,000	12,000	*10,000*	67,000	*68,000*
O. Verdediging	Defence	800,000	*Cr. 80,000*	—	—	—
P. Vishawes	Fishing Harbours	84,450	5,000	—	5,000	—
Kapitaal vir Vervaardiging van Ammunisie	Capital for Manufacture of Ammunition	—	—	—	—	*70,000*
		£ 24,275,000	1,389,720	*1,772,816*	6,769,003	*7,618,716*
Totaal Uitbetalings teen Toeëiening	**Total Issues against Appropriations**	71,355,014	5,424,717	*5,868,884*	27,547,138	*27,541,350*

UITBETALINGS—ISSUES.

Dienste.	Service.	Begroting, *Estimate*, 1939–40.	Maand Augustus. *Month of August.*		Totaal 1 April tot 31 Augustus. *Total 1st April to 31st August.*	
			1939.	1938.	1939.	1938.
Op Inkomsterekening. Ander Uitbetalings.	*On the Revenue Account. Other Issues.*	£	£	£	£	£
Terugbetaling van Tydelike Lenings.....	Temporary Loans Repaid.....	—	6,617,091	—	18,520,880	—
Unieleningsertifikate Terugbetaal.....	Union Loan Certificates Repaid.....	—	15,000	—	103,000	—
Unie van Suid-Afrika 5 persent Sparingseffekte, 1940—Afgelos.....	Union of South Africa 5 per cent. Savings Stock, 1940—Redeemed.....	—	650	—	2,926	—
Unie van Suid-Afrika 4 persent Sparingseffekte, 1943–53—Afgelos.....	Union of South Africa 4 per cent. Saving Stock, 1943–53—Redeemed....	—	—	—	2,014	—
Koste in verband met Lenings Opgeneem..	Costs of Raising Loans.....	—	7,525	—	68,099	—
Uitvoersubsidierekening.....	Export Subsidy Account.....	—	—	—	—	—
Addisionele Verdedigingsrekening.....	Additional Defence Account.....	—	100,000	—	100,000	—
Uitbetalings Inkomste - begrotingsposte, 1938–39	Issues Revenue Votes, 1938–39.....	—	—	—	6,000	—
Uitbetalings Lenings - begrotingsposte, 1938–39	Issues Loan Votes, 1938–39.....	—	—	—	—	—
Gedeelte Besteding van Surplus Inkomste op 31/3/39 gekrediteer na die „ Addisionele Verdedigingsrekening " kragtens Artikel 1 van Wet No. 33 van 1939.....	Part Disposal of Surplus Revenue at 31/3/39, credited to the " Additional Defence Account ", in terms of Section 1 of Act No. 33 of 1939..	—	100,000	—	100,000	—
		—	12,264,983	—	46,450,057	—
Skatkissaldo's 31 Augustus 1939.....	Exchequer Balances, 31st August, 1939	—	3,823,600	—	3,823,600	—
TOTALE.....	TOTALS.....£	—	16,088,583	—	50,273,657	—

* Jaarlikse Toewysings.—* Annual Appropriations.
† Vaste Toewysigings—Wet No. 42 van 1935 en Wet No. 41 van 1925 soos gewysig.
† Standing Appropriations—Act No. 42 of 1935 and Act No. 41 of 1925, as amended.

✱ No. 1383.] SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. [8 September 1939.

Staat, ingevolge Artikel *vyf-en-twintig* (1) van Wet No. 31 van 1920 en Artikel *dertien* van Wet No. 22 van 1923, van die Bate en Laste op die 1ste dag van September, 1939.

LASTE (PASSIVA).	£ s. d.	BATE (ACTIVA).	£ s. d.
Kapitaal.....	1,000,000 0 0	Gemunte en Ongemunte Goud (waarvan £2,980,619. 3s. 3d. buite die Unie gehou).....	26,911,558 17 5
Reserwe.....	1,000,000 0 0	Pasmunt.....	184,429 14 8
Banknote in omloop.....	19,554,990 10 0	Verdiskonteerde Wissels—	
Deposito's van—		(*a*) Binnelandse.....	19,044 5 8
(*a*) Regering.....	3,956,621 11 5	(*b*) Buitelandse.....	7,095,953 14 9
(*b*) Bankiers.....	20,958,867 6 2	(*c*) Skatkispromesses van die Unie-regering....	—
(*c*) Ander.....	2,753,674 4 3	Lenings en Voorskotte aan die Regering.....	—
Te Betale Wissels.....	—	Ander Lenings en Voorskotte.....	—
Ander Verpligtings.....	1,603,261 10 8	Beleggings.....	2,651,251 3 3
		Ander Bate.....	13,965,177 6 9
	£50,827,415 2 6		£50,827,415 2 6

Verhouding van spesie-reserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 57·2 persent.

Geteken die 5de dag van September, 1939.

E. W. CATTELL, Hoofkassier.

✱ No. 1383.] SOUTH AFRICAN RESERVE BANK. [8 September 1939.

Statement, pursuant to Section *twenty-five* (1) of Act No. 31 of 1920, and Section *thirteen* of Act No. 22 of 1923, of Liabilities and Assets on the 1st day of September, 1939.

LIABILITIES.	£ s. d.	ASSETS.	£ s. d.
Capital.....	1,000,000 0 0	Gold Coin and Bullion (of which £2,980,619. 3s. 3d. held outside the Union).....	26,911,558 17 5
Reserve.....	1,000,000 0 0	Subsidiary Coin.....	184,429 14 8
Notes in Circulation.....	19,554,990 10 0	Bills Discounted—	
Deposits—		(*a*) Domestic.....	19,044 5 8
(*a*) Government.....	3,956,621 11 5	(*b*) Foreign.....	7,095,953 14 9
(*b*) Bankers.....	20,958,867 6 2	(*c*) Union Government Treasury Bills.....	—
(*c*) Other.....	2,753,674 4 3	Loans and Advances to the Government.....	—
Bills Payable.....	—	Other Loans and Advances.....	—
Other Liabilities.....	1,603,261 10 8	Investments.....	2,651,251 3 3
		Other Assets.....	13,965,177 6 9
	£50,827,415 2 6		£50,827,415 2 6

Ratio of cash reserves to liabilities to public, 57·2 per cent.

Dated this 5th day of September, 1939.

E. W. CATTELL, Chief Cashier.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1364.] [8 September 1939.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *een* van die „ Handel- en Nijverheidsraad Wet ", 1924 (Wet No. 33 van 1924), sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van die hieronder genoemde persoon as lid van die Raad van Handel en Nywerheid vir 'n tydperk van drie jaar, vanaf 24 Augustus 1939:—

Andrew Thomas Brennan. H.N.S. 101/1/2.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1352.] [8 September 1939.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die bepalings van subartikel 3 (*b*) van artikel *agt-en-twintig* van die „ Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912 ", van 1 Augustus 1939 af die Hoofkwartier en Pelotons van die 1ste Veldmeetkompanjie, Suid-Afrikaanse Geniediens, aan onderstaande kommandemente toe te wys, van watter datum af die kompanjie as 'n geheel nie meer aan die Kommandement Voortrekkerhoogte en Transvaal toegewys sal wees nie.

Kommandement Kaap.
Hoofkwartier en peloton No. 1, 1ste Veldmeetkompanjie, Suid-Afrikaanse Geniediens.

Kommandement Voortrekkerhoogte en Transvaal.
Peloton No. 2, 1ste Veldmeetkompanjie, Suid-Afrikaanse Geniediens.

Kommandement Natal.
Peloton No. 3, 1ste Veldmeetkompanjie, Suid-Afrikaanse Geniediens.

Kommandement Oostelike Provinsie.
Peloton No. 4, 1ste Veldmeetkompanjie, Suid-Afrikaanse Geniediens.

✱ No. 1377.] [8 September 1939.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die bepalings van artikel *drie-en-twintig* van die „ Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912 ", onderstaande wysigings van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Divisie van die *Royal Naval Volunteer Reserve*, opgestel op gesag van Sy Majesteit se Lords Kommissarisse van die Admiraliteit, aan te neem:—

HOOFSTUK VI.

Artikel 192: Voeg die woorde „ op die aktiewe lys van die Divisie " na die woord „ jaar " in reël vier in.

Artikel 193: Vervang die woord „ by " in reël een deur „ op die aktiewe lys van ".

Voeg die woorde „ op die aktiewe lys van die Divisie " na die woord „ daarna " in reël drie in.

Wysigingsblaadjie No. 19.

✱ No. 1384.] [8 September 1939.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die bepalings van artikel *drie-en-twintig* van die „ Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912 ", onderstaande nuwe hoofstuk X aan te neem ter vervanging van die bestaande hoofstuk X van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Divisie van die *Royal Naval Volunteer Reserve*, opgestel op gesag van Sy Majesteit se Lords Kommissarisse van die Admiraliteit:—

HOOFSTUK X—PATROLEERSEKSIE.

ORGANISASIE.

285. Die Patrolleerseksie bestaan uit offisiere en minderes gewerf onder beroepsmatrose wat as sodanig die treilvisvangs, walvisvangs of kushandel beoefen.

286. Die Minister bepaal die sterkte van die seksie van tyd tot tyd.

287. 'n Beperkte aantal hoofskippers, skippers, onderskippers en seemanne (dekpersoneel) wat vredesopleiding moet meemaak, maak die vredesterkte uit.

288. In oorlogstyd of in nood, moet die sterkte aangevul en bootsmanne (of 2de onderskippers), masjiendrywers, assistent-masjiendrywers, stokers, tremmers, koks en kelners ingeskryf word.

289. Hoofskippers staan in rang gelyk met offisiere uit adjudant-onderoffisiersrang, R.N.V.R. Skippers staan in rang gelyk met adjudant-onderoffisiere, R.N.V.R.

290.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1364.] [8 September 1939.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section *one* of the Board of Trade and Industries Act, 1924 (Act No. 33 of 1924), to approve of the appointment of the undermentioned person as Member of the Board of Trade and Industries for a period of three years, with effect from the 24th August, 1939:—

Andrew Thomas Brennan. C.I. S. 101/1/2.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1352.] [8 September 1939.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, under the provisions of sub-section 3 (*b*) of section *twenty-eight* of the South Africa Defence Act, 1912, to allot the Headquarters and Platoons of the 1st Field Survey Company, South African Engineer Corps, to various Commands as follows, with effect from 1st August, 1939, from which date the Company as a whole will cease to be allotted to the Voortrekkerhoogte and Transvaal Command:—

Cape Command.
Headquarters and No. 1 Platoon, 1st Field Survey Company, South African Engineer Corps.

Voortrekkerhoogte and Transvaal Command.
No. 2 Platoon, 1st Field Survey Company, South African Engineer Corps.

Natal Command.
No. 3 Platoon, 1st Field Survey Company, South African Engineer Corps.

Eastern Province Command.
No. 4 Platoon, 1st Field Survey Company, South African Engineer Corps.

✱ No. 1377.] [8 September 1939.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, under the provisions of section *twenty-three* of the South Africa Defence Act, 1912, to accept the following amendments to the Regulations for the South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve, framed under the authority of His Majesty's Lords Commissioners of the Admiralty:—

CHAPTER VI.

Article 192: In line four after " years " insert " on the active list of the Division ".

Article 193: In line one delete the word " in " and substitute therefor " on the active list of ".

In line three after " service " insert " on the active list of the Division ".

Amendment Slip No. 19.

✱ No. 1384.] [8 September 1939.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, under the provisions of section *twenty-three* of the South Africa Defence Act, 1912, to accept the following new Chapter X in substitution of the existing Chapter X of the Regulations for the South African Division of the Royal Naval Volunteer Reserve, framed under the authority of His Majesty's Lords Commissioners of the Admiralty:—

CHAPTER X.—PATROL SECTION.

ORGANISATION.

285. The Patrol Section will consist of ranks and ratings drawn from professional seamen employed in either the trawling, whaling or coasting trade.

286. The strength of the section will be as approved from time to time by the Minister.

287. The Peace establishment will comprise a limited number of Chief Skippers, Skippers, Second Hands and Seamen (Deck Hands) who will perform peace training.

288. In time of war or emergency the establishment will be increased and Boatswains (or Third Hands), Drivers, Assistant Drivers, Firemen, Trimmers, Cooks and Stewards will be enrolled.

289. Chief Skippers will rank as Commissioned Officers from Warrant Rank, R.N.V.R. Skippers will rank as Warrant Officers, R.N.V.R.

290.

291. Onderskippers word as onderoffisiere, R.N.V.R., en dekpersoneel as bevare seemanne, R.N.V.R., geklassifiseer. Die werklike benaming van hierdie en ander minderes van die patrolleerseksie moet as volg wees:—

Rang of Titel in die Treil-visvangs, Walvisvangs of Kushandel.	*Rang by Patrolleerseksie R.N.V.R. (S.A.).*
Stuurman of onderskipper.	Onderskipper.
Bootsman of 2de onderskipper.	Baasseeman.
Dekmatroos.	Seeman.
Masjiendrywer.	Hoofmasjienman.
Assistent-masjiendrywer.	Masjienman.
Stoker.	Stoker.
Tremmer.	Stoker.
Kok.	Kok.
Kelner.	Kelner.

292.

293.

EISE VIR OPNAME IN VREDESTYD.

294. Buite en behalwe die bepalings betreffende gesondheid en nasionaliteit voorgeskryf vir die Divisie in die algemeen, word die volgende besondere eise aan kandidate vir die seksie gestel:—

Skippers—'n Skippersertifikaat. Die kandidaat moet binne ses maande voordat hy aansoek doen in bevel gewees het van 'n viskotter, 'n walvisvaarder of 'n kusvaarder. Daarby moet hy minstens twee jaar al in bevel van een van hierdie vaartuie gewees het en tussen die leeftydsgrense 25 en 45 jaar wees.

Onderskippers.—'n Onderskippersertifikaat. Die kandidaat moet binne ses maande voordat hy aansoek doen, gedien het op 'n viskotter, walvisvaarder of kusvaarder. Daarby moet hy minstens twee jaar al op een van hierdie vaartuie gedien het, waarvan een jaar as stuurman. Hy moet tussen die leeftydsgrense 20 en 35 jaar wees.

295. *Seemanne.*—Die kandidaat moet binne ses maande voordat hy aansoek doen, gedien het op 'n viskotter, 'n walvisvaarder of 'n kusvaarder. Daarby moet hy minstens twee jaar al as dekmatroos op een van hierdie vaartuie gedien het.

296.

EERSTE INSKRYWING EN DIENSVERNUWING.

297. Eerste aanstelling met die rang van skipper is op proef en word deur die Minister op aanbeveling van die Admiraal gedoen.

298. Onderskippers en seemanne word as sodanig voorlopig geattesteer deur 'n behoorlik gemagtigde attestasie-offisier.

299. Termyn van diensvernuwing van hoofskippers en skippers, onderskippers en seemanne se termyn van diens sowel as van diensvernuwing is vier jaar. 'n Modelvorm is afgedruk in aanhangsel H.

300. Hoofskippers, skippers, onderskippers en seemanne kan na uitdiening van elke termyn van vier jaar, hul diens vernuwe as hulle nog geskik geag word en hul diens nog nodig is.

301. Die attestasie-offisier moet sorg dat kandidate al voor inskrywing op hoogte is met die bepalings van hierdie regulasies betreffende diens en dissipline.

302.

303.

OPLEIDING.

304. Lede van die Patrolleerseksie hoef nie opleiding aan wal mee te maak nie, maar kan vrywillig by basisse van die R.N.V.R. opkom vir driloefening en onderrig.

305. Die verpligte opleiding wat hoofskippers, skippers, onderskippers en seemanne op see moet meemak is as volg:—

Hoofskippers, Skippers en Onderskippers.

Eerste, tweede en derde jaar	Sewe dae.
Vierde jaar	Niks.
Opvolgende jare	Sewe dae al om die ander jaar, beginnende met die vyfde jaar.

Seemanne.—Sewe dae elke jaar.

306. Die opleidingsjaar vang aan op die dag van aanstelling of inskrywing.

307. Hoofskippers, skippers, onderskippers en seemanne meld hulle by die stafoffisier, S.A. Seediens, Simonstad, of by die naaste skeepvaartmeester aan om opleiding mee te maak wanneer die tyd daarvoor aanbreek.

308. Opleiding word in die verskillende hawens van die Unie op S.M. se skepe verstrek.

309.

310.

311.

BEVESTIGING IN RANG.

312. Wanneer 'n skipper. 'n onderskipper of seeman sy eerste opleidingstermyn uitgedien het, moet die gesagvoerder van die skip waarop die opleiding geskied het rapport uitbring of so 'n skipper, onderskipper of seeman geskik is om in

291. Second Hands will be classed as Petty Officers, R.N.V.R. and Deck Hands as Able Seamen, R.N.V.R. The actual designation of these and other ratings of the Patrol Section will, however, be as follows:—

Rank or Title in Trawling, Whaling or Coastal Trade.	*Rating in Patrol Section, R.N.V.R. (S.A.).*
Mate or Second Hand.	Second Hand.
Boatswain or Third Hand.	Leading Seaman.
Deck Hand.	Seaman.
Driver.	Chief Engineman.
Assistant Driver.	Engineman.
Fireman.	Stoker.
Trimmer.	Stoker.
Cook.	Cook.
Steward.	Steward.

292.

293.

QUALIFICATIONS FOR ENTRY IN TIME OF PEACE.

294. In addition to those conditions regarding health and nationality prescribed for the Division in general, the following special qualifications are required by candidates:—

Skippers.—Possession of a Skipper's certificate and must have commanded a trawler, whaler or coasting vessel for at least two years and within six months of making application. Age to be between 25 and 45 years.

Second Hands.—Possession of a Second Hand's certificate and must have served in a trawler, whaler or coasting vessel for at least two years and within six months of making application. One year's service to have been as Mate. Age to be between 20 and 35 years.

295.—*Seamen.*—Must have served in a trawler, whaler or coasting vessel as a Deck Hand for at least two years and within six months of making application. Age to be between 20 and 30 years.

296.

FIRST ENTRY AND RE-ENGAGEMENTS.

297. First appointments to the rank of Skippers will be probationary and will be made by the Minister on the recommendation of the Admiral.

298. Second Hands and Seamen will be provisionally enrolled by a duly authorised attesting Officer.

299. Re-engagements of Chief Skippers and engagements and re-engagements of Skippers, Second Hands and Seamen will be for periods of four years. Specimen form is contained in Appendix "H".

300. On completion of each period of four years, Chief Skippers, Skippers, Second Hands and Seamen may re-engage, if they are still considered suitable, and if their services are required.

301. The attesting Officer is to ensure that candidates before they are enrolled, are informed of the particulars contained in these regulations dealing with service and discipline.

302.

303.

TRAINING.

304. Members of the Patrol Section will not be required to carry out any shore training, but may attend voluntarily at R.N.V.R. Bases for drills or instruction.

305. The obligatory sea training, to be performed by Chief Skippers, Skippers, Second Hands and Seamen is as follows:—

Chief Skippers, Skippers and Second Hands.

First, second and third year	Seven days.
Fourth year	Nil.
Subsequent years	Seven days every alternate year, commencing with the fifth year.

Seamen.—Seven days each year.

306. Training years will be reckoned from the date of appointment or enrolment.

307. Chief Skippers, Skippers, Second Hands and Seamen are to apply to the Staff Officer, S.A. Naval Service, Simonstown, or to the nearest Shipping Master to undergo training when due.

308. Training will be given at the principal ports of the Union in H.M. Ships.

309.

310.

311.

CONFIRMATION IN RANK OR RATING.

312. When a Skipper, Second Hand or Seaman completes his first period of training the Commanding Officer of the ship in which the training has been carried out is to report on his suitability for confirmation in rank or rating. He will

sy rang bevestig te word. Hy word dan òf bevestig òf ontslaan. Word hy bevestig, dan dateer die bevestiging van die dag waarop die opleidingstermyn uitgedien is.

313.

BEVORDERING.

314. Om vir bevordering tot skipper in aanmerking te kom, moet 'n onderskipper—

(*a*) die voorgeskrewe opleiding meegemaak het;
(*b*) deur die admiraal aanbeveel word; en/of
(*c*) een jaar in bevel van 'n viskotter, 'n walvisvaarder of 'n kusvaarder gewees het en twee jaar by die seksie agter die rug hê; òf
(*d*) 'n skippersertifikaat besit en ses jaar diens by die seksie agter die rug hê.

By bevestiging van so 'n aanstelling reik die adjudant-generaal 'n akte van aanstelling uit wat deur die Minister onderteken is.

315. 'n Skipper kan bevorder word mits hy—

(*a*) tien jaar ansiënniteit as skipper het;
(*b*) die voorgeskrewe opleiding meegemaak het;
(*c*) 'n skippersertifikaat besit en vir minstens een jaar voordat hy vir bevordering in aanmerking geneem word, in bevel gewees het van 'n viskotter, 'n walvisvaarder of 'n kusvaarder.

Die vereiste 10 jaar ansiënniteit kan na goeddunke van die admiraal tot 6 jaar verminder word in die geval van skippers wat minstens een jaar oorlogsondervinding van mynvee of van patrolleerdiens met kleinvaartuie opgedoen het.

316. Mits die sterkte van hoofskippers, skippers en onderskippers nie oortref word nie, kan 'n seeman, as hy die by punt 294 vereiste kwalifikasies besit, tot onderskipper bevorder word.

AFWESIGHEID UIT HAWE VAN REGISTRASIE.

317. Wanneer 'n lid van die Patrolleerseksie om een of ander oorsaak die hawe waar hy geregistreer is, verlaat om langer as ses maande weg te wees, moet hy die stafoffisier, S.A. Seediens, Simonstad, of die naaste skeepvaartmeester hiermee bekendmaak.

ONTSLAG EN AFTREDING.

318. Lede van die Patrolleerseksie moet na twintig jaar diens, of selfs voor die tyd, op vyftigjarige leeftyd aftree.

319. 'n Lid kan om een of ander van die volgende redes uit die seksie ontslaan word, d.w.s. weens onbevredigende prestasie, weens wangedrag, onbevoegdheid, versuim in nakoming van die regulasies, opsegging van sy diens in die treilvisvangs, walvisvangs of kushandel, of aanvaarding van diens op 'n skip onder 'n vreemde vlag.

320.

321.

DIENS.

322. Lede van die Patrolleerseksie is in dieselfde mate diensplig as die orige gedeelte van die Divisie, d.w.s. wanneer die Goewerneur-generaal die R.N.V.R. of 'n gedeelte daarvan oproep, is die opgeroepenes verplig tot diens, hetsy aan wal of te water, maar met dié verstandhouding dat die diensplig sover doenlik beperk bly tot binne die Suid-Afrikaanse waters.

323. Lede word een vir een opgeroep in opdrag van die admiraal.

324.

325.

SOLDY.

326. Die soldy van lede onder oefening is as volg:—

Hoofskippers	15s. per dag met kostelose proviand en 2s. aan tafeltoelae wanneer aan boord.
Skippers	10s. per dag, met kostelose proviand en 2s. aan tafeltoelae wanneer aan boord.
Onderskippers	5s. per dag met kostelose proviand.
Seemanne	2s. 6d. per dag met kostelose proviand.

327.

HANDSOLDY.

328. Handsoldy word jaarliks as volg betaal onder voorwaarde van nakoming van die regulasies betreffende opleiding:—

Hoofskippers	£20 per jaar.
Skippers	£16 per jaar.
Onderskippers	£12 per jaar.
Seemanne	£6 per jaar.

329.

UNIFORMTOELAES.

330. 'n Uniformtoelae van £10 vir die aanskaf van die vereiste uniformstukke word aan 'n skipper toegestaan op vertoning van 'n sertifikaat van die bevelvoerende offisier van die betrokke skip of basis waarin vermeld word dat hy die uniformstukke by artikel 333 voorgeskryf, aangeskaf het.

then either be confirmed or discharged. The date of confirmation will be the date on which the training was completed.

313.

PROMOTION.

314. To qualify for promotion to Skipper, a Second Hand must—

(*a*) have performed the prescribed training;
(*b*) be recommended by the Admiral; and either
(*c*) have commanded a trawler or whaler or coasting vessel for one year and completed two year's service in the Section; or
(*d*) be in possession of a Skipper's Certificate and have completed six years' service in the Section.

On confirmation of such an appointment a warrant of appointment signed by the Minister will be issued by the Adjutant-General.

315. A Skipper may be promoted to Chief Skipper provided he fulfills the following conditions:—

(*a*) Ten years' seniority as a Skipper;
(*b*) has performed the prescribed training;
(*c*) is in possession of a Skipper's Certificate and has commanded a trawler or whaler or Coasting Vessel for at least one year immediately previous to being considered for promotion.

In cases where Skippers have had a minimum of one year's war experience of minesweeping or patrol duties in small craft, the provision of 10 years' seniority may at the discretion of the Admiral be reduced to 6 years.

316. Subject to the establishment of Chief Skippers, Skippers and Second Hands not being exceeded, a Seaman may be advanced to Second Hand provided he possesses the qualifications laid down in Article 294.

ABSENCE FROM PORT OF REGISTRY.

317. A member of the Patrol Section who leaves the port at which he is registered for any cause which will entail his absence for more than six months shall inform the Staff Officer, S.A. Naval Service, Simonstown, or the nearest Shipping Master.

DISCHARGE AND RETIREMENT.

318. Members of the Patrol Section shall be retired on completion of 20 years' service or on reaching the age of 50, if this is earlier.

319. A member will be liable to removal from the Section if found unsatisfactory, for misconduct, for incompetence, for failure to comply with the regulations, if he ceases to serve in the trawling, whaling or coasting industries, or if he undertakes service in a ship flying a foreign flag.

320.

321.

SERVICE.

322. Members of the Patrol Section will be liable for service to the same extent as the remainder of the Division, i.e. when the Governor-General calls out the R.N.V.R. or any portion of the R.N.V.R., the members so called out will be liable to serve either ashore or afloat, with the understanding that the service shall, as far as practicable, be confined to South African waters.

323. Members will be called out by individual summons issued by order of the Admiral.

324.

325.

PAY.

326. The daily rates of pay for members undergoing training shall be as follows:—

Chief Skippers	15s. a day, with free victualling and 2s. messing allowance when embarked.
Skippers	10s. a day, with free victualling and 2s. messing allowance when embarked.
Second Hands	5s. a day, with free victualling.
Seamen	2s. 6d. a day, with free victualling.

327.

RETAINERS.

328. Retainers will be paid yearly as follows dependent on compliance with the regulations regarding training:—

Chief Skippers	£20 a year.
Skippers	£16 a year.
Second Hands	£12 a year.
Seamen	£6 a year.

329.

UNIFORM ALLOWANCE.

330. A uniform allowance of £10 towards the provision of the necessary uniform outfit will be granted to Skippers on the certificate of the Commanding Officer of the Ship or Base concerned that they have provided themselves with such articles of uniform as are prescribed in Article 333, and

Hy moet ook eers skriftelik onderneem om die bedrag terug te betaal as hy nie drie jaar vanaf die datum van ontvangs van die toelae dien nie.

In spesiale gevalle, bv. waar die skipper weens swak gesondheid wat nie aan wangedrag of onverskilligheid te wyte is nie, nie vir drie jaar kan dien nie, kan hy na goeddunke van die Minister geheel of gedeeltelik van die terugbetaling onthef word.

331. Aan hoofskippers en skippers wat vir 'n tydperk van vier jaar in besit was van die uniformstukke voorgeskryf by artikel 333 en diens by die Patrolleerseksie voortsit, kan 'n uniformonderhoudstoelae van £1. 10s. per jaar betaal word. As 'n hoofskipper of skipper nie die verpligte see-opleiding in artikel 305 vermeld, meemaak nie, kan hierdie toelae na goeddunke van die admiraal weerhou word.

332. Aan onderskippers en seemanne wat vir 'n tydperk van vier jaar in besit was van die uniformstukke voorgeskryf by artikel 334 en diens by die Patrolleerseksie voortsit, kan 'n uniformonderhoudstoelae van £1 per jaar betaal word. As 'n onderskipper of seeman nie die verpligte see-opleiding in artikel 305 vermeld, meemaak nie, kan hierdie toelae na goeddunke van die admiraal weerhou word.

333. Hoofskippers en skippers moet ondergenoemde uniformstukke self aanskaf:—

1 Blou lakense kleintenuebaadjie met R.N.V.R. knope.
1 Onderbaadjie.
1 Effe, blou broek.
1 Pet met kenteken.
2 Wit petoortreksels.
1 Suidwester.
1 Paar swart stewels.
1 Oliejas.
1 Das.
3 Wit hemde en 6 boordjies.

334. Ondergenoemde uniformstukke van dieselfde model as dié vir onderoffisiere, R.N.V.R., met meer as een jaar ansiënniteit, word gratis aan onderskippers en seemanne wat ingeskryf is, uitgereik. Hierdie artikels wat aan onderskippers en seemanne vir vier volle jaar uitgereik word, moet goed versorg en opgepas word. Na afloop van die voorgeskrewe tydperk, word die uniformstukke die eiendom van die onderskipper of seeman aan wie dit uitgereik is. Indien die onderskipper of seeman uit die Patrolleerseksie bevorder of ontslaan word voordat daardie tydperk verstryk het, moet alle uniformstukke na die pakhuis teruggaan. Vir stukke wat nie teruggegee word nie, moet teen die geldende prys en na verhouding van die onverstreke tydperk betaal word.

Uitrusting van 'n Onderskipper.	*Uitrusting van Seemanne*
1 Sergejekker.	1 Sergekiel.
1 Broek.	1 Serge-broek.
1 Pet met kenteken.	1 Blou keperkatoen boordjie.
2 Petoortreksels.	1 Swart sy sakdoek.
1 Jersie.	2 Katoen flennie-onderhemde.
1 Paar stewels.	2 Selvormiggeweefde onderhemde.
1 Suidwester.	1 Jersie.
1 Oliejas.	1 Lyfband.
1 Das.	1 Wit seildoek pet.
3 Wit hemde.	1 Petlint „ [R.N.V.R. (S.A.) Patrolleerseksie] ".
6 Wit boordjies.	1 Paar halwe kapstewels.
	1 Oliejas.
	1 Suidwester.
	1 Mes met koord.

335.

336.

337.

DISSIPLINE.

338. Offisiere en minderes is aan die „ Naval Discipline Act " onderworpe vir solank hulle onder opleiding of in diens is.

Wysigingsblaadjie no. 20.]

DEPARTEMENT VAN LANDE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1378.] [8 September 1939.

HOEWES BESKIKBAAR KRAGTENS DIE „ KROONGROND NEDERSETTINGS WET ", No. 12 VAN 1912 (SOOS GEWYSIG).

Gedurende 'n termyn van ses weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing **(wat dus op 19 Oktober 1939 verstryk)** en vir solank daarna as wat die hoewes of sommige daarvan nog nie toegeken is nie, kan by die Departement van Lande, op Pretoria, Bloemfontein, en Kaapstad aansoek gedoen word om toekenning volgens huurkontrak vir 'n termyn van vyf (5) jaar met die reg om die grond te eniger tyd gedurende die termyn van die huurkontrak of by verstryking daarvan aan te koop op voorwaardes van Voorwaardelike Koophuurkontrak lopende oor 'n tydperk van vyf-en-sestig (65) jaar, ooreenkomstig en onderworpe aan die bepalings van die „ **Kroongrond Nederzettings Wet ", No. 12 van 1912,** en Wysigingswette, en regulasies ingevolge daarvan gepubliseer.

provided that they have given a written undertaking to refund this amount if they fail to serve for three years from the date of receiving the allowance.

In special circumstances, e.g. where failure is due to ill-health not attributable to the Officer's misconduct or imprudence, the refund may be waived in whole or in part at the discretion of the Minister.

331. Chief Skippers and Skippers who have been in possession of the uniform prescribed in Article 333 for a period of four years and continue to serve in the Patrol Section, may be paid a Uniform upkeep allowance of £1. 10s. per annum. This allowance may be withheld at the discretion of the Admiral from a Chief Skipper or Skipper who fails to perform the obligatory sea training prescribed in Article 305.

332. Second Hands and Seamen who have been in possession of the articles of uniform prescribed in Article 334 for a period of four years and continue to serve in the Patrol Section, may be paid a Uniform Upkeep Allowance of £1 per annum. This allowance may be withheld at the discretion of the Admiral from a Second Hand or Seaman who fails to perform the obligatory sea training prescribed in Article 305.

333. Chief Skippers and Skippers will be required to provide themselves with the following articles of uniform:—

1 Undress blue cloth coat with R.N.V.R. buttons.
1 Waistcoat.
1 Pair of plain blue trousers.
1 Cap with badge.
2 White cap covers.
1 Sou'wester.
1 Pair black boots.
1 Oilskin coat.
1 Necktie.
3 White shirts and 6 collars.

334. Second Hands and Seamen on enrolment will receive as a free issue the following articles of uniform of pattern similar to that prescribed for Petty Officers, R.N.V.R. (of over one year's seniority) and Seamen, R.N.V.R., respectively. These articles shall be maintained in good order and condition by the personnel to whom they are issued for four complete years. Articles of uniform that have lasted their prescribed period of service will become the property of the personnel to whom they were issued. If a Second Hand or Seaman is promoted or discharged from the Patrol Section before the expiry of that period, all articles of uniform shall be returned to store; those items not returned shall be debited at current rates *pro rata* to their unexpired period.

Kit of Second Hand.	*Kit of Seaman.*
1 Serge jacket.	1 Jumper, serge.
1 Pair trousers.	1 Pair trousers, serge.
1 Cap with badge.	1 Collar, blue Jean.
2 Cap covers.	1 Handkerchief, black silk.
1 Jersey.	2 Vests, cotton, flannel.
1 Pair boots.	2 Singlets, cellular.
1 Sou'wester.	1 Jersey.
1 Oilskin coat.	1 Waistbelt.
1 Necktie.	1 Cap, white duck.
3 White shirts.	1 Cap ribbon " [R.N.V.R. (S.A.) Patrol Section] ".
6 White collars.	1 Pair boots, half.
	1 Oilskin coat.
	1 Sou'wester.
	1 Knife and Lanyard.

335.

336.

337.

DISCIPLINE.

338. Officers and ratings will be subject to the Naval Discipline Act while undergoing training or while on service.

Amendment Slip No. 20.]

DEPARTMENT OF LANDS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1378.] [8 September 1939.

HOLDINGS AVAILABLE UNDER THE LAND SETTLEMENT ACT, No. 12 OF 1912 (AS AMENDED).

Applications will be received at the Department of Lands, Pretoria, Bloemfontein and Capetown, for a period of six weeks from the date of the first publication of this notice **(thus expiring on the 19th October, 1939),** and for such time thereafter as the holdings or any of them remain unallotted, for the undermentioned holdings, to be disposed of on lease for a period of five (5) years, with the option of acquiring the land at any time during the currency of the lease, or at the expiration thereof, on terms of Conditional Purchase Lease extending over a period of sixty-five (65) years, under and subject to the provisions of the **Land Settlement Act, No. 12 of 1912,** and amending Acts, and any regulations published thereunder.

Die Goewerment behou die reg voor om een of meer van die hoewes wat in hierdie kennisgewing aangebied word, te eniger tyd terug te trek.

Alle vorige kennisgewings waarin enigeen van hierdie hoewes geadverteer is, word hierby teruggetrek vir sover dit die advertensie van genoemde hoewes betref.

Na die datum waarop hierdie kennisgewing verstryk, moet applikante eers by die Departement van Lande uitvind watter hoewes nog beskikbaar is, alvorens enige van hulle te inspekteer.

The Government reserves the right at any time to withdraw any or all of the holdings offered for disposal by this notice.

All previous notices advertising any of these holdings are hereby withdrawn in so far as the advertisement of the said holdings is concerned.

After the expiry of this notice intending applicants should ascertain from the Department of Lands which holdings are still available before proceeding to inspect any of them.

Hoewe No. *Holding No.*	HOEWES BESKIKBAAR. Geregistreerde Naam. Nommer en Distrik.	*HOLDINGS FOR DISPOSAL. Registered Name, Number and District.*	Grootte. *Area.* Morge. *Morgen.*	Vk. Roede. *Sq. Roods.*	Koopsom. *Purchase Price.*	Huur gedurende huurtermyn. 1ste en 2de Jaar, Niks. *Rental during Lease Period. 1st and 2nd Years, Nil.* 3de Jaar jaarlikse huur. *3rd Year Yearly Rental.*	4de en 5de Jaar, jaarlikse huur. *4th and 5th Years, Yearly Rental.*	Jaarlikse paaiemente van koopsom (rente inbegrepe). *Yearly Purchase Instalments (including Interest).*
		TRANSVAAL.						
1	Gedeelte 2 van die plaas BULKOP No. 641, Dist. Potgietersrust.	Portion 2 of the farm	1,102·9244	—	£ 1,526	£ s. d. 30 10 5	£ s. d. 53 8 2	£ s. d. 59 5 2
2	Gedeelte B van gedeelte van die plaas WAAIKRAAL No. 102, Dist. Belfast.	Portion B of portion of the farm	200	—	543	10 17 2	19 0 1	21 1 9 Art. XI. Sec. XI.
3	Sekere resterende gedeelte van gedeelte gemerk II van die plaas RIETVLEY No. 94, Dist. Pietersburg.	Certain remaining extent of portion marked II of the farm	496	—	1,042	20 16 10	36 9 5	40 9 3 Art. XI. Sec. XI.
		ORANJE-VRYSTAAT—*ORANGE FREE STATE.*						
	Hoewes Nos. 4 tot 9 bestaan uit onderverdelings van die plaas STERKFONTEIN No. 35, distrik Boshof. Holdings Nos. 4 to 9 comprising Subdivisions of the farm STERKFONTEIN No. 35, district Boshof.							
4	Onderverdeling 1.....	Sub-division 1.....	849·5020	—	£ 1,375	£ s. d. 27 10 0	£ s. d. 48 2 6	£ s. d. 53 7 11
5	Onderverdeling 2.....	Sub-division 2.....	849·5020	—	1,375	27 10 0	48 2 6	53 7 11
6	Onderverdeling 3.....	Sub-division 3.....	849·5020	—	1,375	27 10 0	48 2 6	53 7 11
7	Onderverdeling 4.....	Sub-division 4.....	849·5020	—	1,375	27 10 0	48 2 6	53 7 11
8	Onderverdeling 5.....	Sub-division 5.....	849·5020	—	1,375	27 10 0	48 2 6	53 7 11
9	Resterende gedeelte.....	Remaining extent.....	849·5017	—	1,375	27 10 0	48 2 6	53 7 11
10	Sekere gedeelte bekend as BISMARCK No. 1124 van die plaas NIEKERKS GIFT No. 885 Dist. Fauresmith.	Certain portion known as of the farm	601	35,827 vk. voete. *sq. ft.*	1,200	24 0 0	42 0 0	46 12 0
11	Onderverdeling 1 van die plaas BETH-EL-PELLA No. 623 Dist. Boshof.	Sub-division 1 of the farm	1,214	—	1,310	26 4 0	45 17 0	50 17 5
		KAAPPROVINSIE.—*CAPE PROVINCE.*						
						Huur gedurende huurtermyn. *Rental during Lease Period.* 1ste en 2de Jaar, Niks. *1st and 2nd Years, Nil.* 3de, 4de en 5de Jaar: Jaarlikse huur. *3rd, 4th and 5th Years: Yearly Rental.*		
12	MAGADIN, AFDELING/DIVISION KURUMAN.		5,696	353	£ 950	£ s. d. 9 10 0		£ s. d. 19 16 1

BESKRYWING VAN HOEWES.

Aansoeke om hoewes Nos. 1 tot 3 moet aan die Sekretaris, Departement van Lande, Pretoria, gerig word.

Hoewe No. 1.—Ongeveer 100 myl ten noordweste van dorp en spoorwegstasie Potgietersrust geleë, maar daar is 'n gereelde S.A.S.-padmotordiens tot by Wolwedans. Daar is ook 'n pos- en telegraafkantoor en 'n skool.

Volgens rapporte is die hoewe geskik vir beeste, skape en somergesaaides. Dit word verder gerapporteer dat die hoewe goed begroei is met 'n groot verskeidenheid van hoë bome, struikgewasse en gemengde soetgras van 'n goeie voedingswaarde.

Dit word gerapporteer dat die volgende verbeterings op die hoewe is: Twee boorgate, dam, windpomp, drinkbak, dipbak, woonhuis, buitegebou, kamp, 2 gronddamme en omheining.

Spesiale Voorwaarde.

Dit sal 'n huurvoorwaarde wees dat die suksesvolle applikant die damme wat onder die Goewermentskema opgerig is vir die bestryding van grondverspoeling en die bou van klein damme in goeie orde en toestand moet hou.

Hoewe No. 2.—Ongeveer 12 myl ten suidooste van dorp Belfast en ongeveer 6 myl ten suidweste van spoorwegstasie Dalmanutha geleë. (Vorige huurder: R. M. Rautenbach.)

Volgens rapporte is die hoewe gesond en geskik vir skape, mielies, tef, hawer, aartappels en ander groente.

Dit word gerapporteer dat die volgende verbeterings op die hoewe is: Woonhuis (5 vertrekke, klip, sinkdak) en waenhuis aaneen (swak toestand), skuur, stal, klipkrale, dam, vrugte- en ander bome, buite- en binne-omheining.

Watervoorsiening.

Van 'n sterk fontein wat in 'n dam vloei. Ongeveer 12 morge besproeibare grond en ongeveer 35 morge droëlande.

Hoewe No. 3.—Ongeveer 18 myl ten suidweste van dorp Pietersburg en ongeveer 3 myl ten suide van spoorwegstasie Geyser geleë. (Vorige huurder: S. W. Schutte.)

Volgens rapporte is die hoewe gesond en geskik vir groot- en kleinvee, mielies, kafferkoring, tabak, ens.

Dit word gerapporteer dat die volgende verbeterings op die hoewe is: Woonhuis (4 vertrekke), buitegebou, winkel (4 vertrekke), 2 damme, buite- en binne-omheining. Die verbeterings is in 'n verwaarloosde toestand.

Watervoorsiening.

Van die Rietvleyspruit. As 'n dam in die spruit gebou word, kan 'n paar morge grond onder besproeiing gebring word.

Serwitute.

(*a*) Onderworpe aan Notariële Akte van Sessie No. 517/1888, kragtens welke alle regte tot minerale- en ondergeskikte regte aan D. S. van der Merwe en D. J. L. van Wyk oorgemaak is.

(*b*) Onderworpe aan 'n serwituut van uitspanning, groot 6 morge 400 vierkante roedes.

(*c*) Spesiaal geregtig tot die reg om sekere water uit die Rietvleyspruit te gebruik en onderworpe aan en geregtig tot sekere serwitute van deurgang en die maak van watervore,

soos volledliger in Transportakte No. 1040/1926 beskryf. Afskrifte van die serwitute kan op aanvraag van die Sekretaris van Lande op Pretoria verkry word.

Aansoeke om hoewes Nos. 4 tot 11 moet aan die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 316, Bloemfontein, gerig word.

Hoewes Nos. 4 *tot* 9.—Ongeveer 16 myl van Dealesville en 21 myl van Bultfontein geleë en dit word gerapporteer dat die hoewes geskik is vir kafferkoring, mielies, aartappels, koring in reënjare, groot- en kleinvee.

Die Goewerment behou die reg voor om enige pad te proklameer wat hy in die belang van die publiek of hoewes nodig ag.

Die grond is onderworpe aan alle voorwaardes van die transportakte kragtens waarvan dit deur die Goewerment gehou word.

Die binnedraad op hierdie hoewes behoort aan die Goewerment, wat daarmee na goeddunke mag handel.

Hoewe No. 10.—Ongeveer 28 myl van Petrusburg en Fauresmith geleë en dit word gerapporteer dat die hoewe geskik is vir beeste, skape, mielies, koring, kafferkoring en kafferboontjies.

Hoewe No. 11.—Ongeveer 4½ myl van Christiana geleë en dit word gerapporteer dat die hoewe geskik is vir saai- en veeboerdery.

Dit word gerapporteer dat die volgende verbeterings op die hoewes bestaan:—

4. Boorgat, fontein, omheinings.
5. 2 Woonhuise, windpomp, omheinings.
6. Boorgat, windpomp op boorgat, omheinings.
7. Windpomp, dammetjie, omheinings.
8. Boorgat, dam, omheinings.
9. Huis, windpomp, dam, 2 putte, omheinings.
10. Woonhuis, melkkamer, waenhuis en skuur, 3 krale, 2 windpompe op boorgate, sinkdam, sementdam, omheinings en vrugteboord.
11. Put, omheinings.

Aansoeke om hoewe No. 12 moet aan die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 747, Kaapstad, gerig word.

DESCRIPTION OF HOLDINGS.

Applications for Holdings Nos. 1 to 3 must be forwarded to the Secretary, Lands Department, Pretoria.

Holding No. 1.—Situate about 100 miles north-west of Potgietersrust Township and Railway Station, but there is a regular S.A.R. Road Motor Service right up to Wolvedans. There are also a Post and Telegraph Office and a school.

Reported to be suitable for cattle, sheep and summer crops. It is further reported that the holding is well covered with a large variety of large trees, shrubs and mixed grasses of good feeding value.

The following improvements are reported to be on the holding: Two boreholes, dam, windmill, drinking trough, dipping tank, dwelling-house, outbuilding, paddock, 2 earth dams and fencing.

Special Condition.

It will be a condition of lease that the successful applicant must keep the dams erected under the Government scheme for combating soil erosion and building of small dams in good order and repair.

Holding No. 2.—Situate about 12 miles south-east of Belfast Township and about 6 miles south-west of Dalmanutha Railway Station. (Previous lessee: R. M. Rautenbach.)

Reported to be healthy and suitable for sheep, mealies, teff, oats, potatoes and other vegetables.

The following improvements are reported to be on the holding: Dwelling-house (5 rooms, stone, iron roof), with wagon-shed adjoining (poor condition), shed, stable, stone kraals, dam, fruit and other trees, boundary and internal fencing.

Water Supply.

From a strong spring which flows into a dam. Approximately 12 morgen irrigable land and about 35 morgen drylands.

Holding No. 3.—Situate about 18 miles south-west of Pietersburg Township and about 3 miles south of Geyser Railway Station. (Previous lessee: S. W. Schutte.)

Reported to be healthy and suitable for large and small stock, mealies, kaffircorn, tobacco, etc.

The following improvements are reported to be on the holding: Dwelling-house (4 rooms), outbuilding, shop (4 rooms), 2 dams, boundary and internal fencing. The improvements are in a neglected condition.

Water Supply:

From the Rietvley spruit. A few morgen of land can be brought under irrigation if a dam is built in the spruit.

Servitudes

(*a*) Subject to Notarial Deed of Cession No. 517/1888, whereby all rights to minerals and ancillary rights were ceded to D. S. van der Merwe and D. J. L. van Wyk.

(*b*) Subject to a servitude of outspan in extent 6 morgen 400 square roods.

(*c*) Specially entitled to the right to use certain water in the Rietvley Spruit, and subject and entitled to certain servitudes of ingress and the construction of waterfurrows,

as more fully described in Deed of Transfer No. 1040/1926. Copies of the servitudes may be obtained on application to the Secretary for Lands, Pretoria.

Applications for Holdings Nos. 4 to 11 must be forwarded to the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 316, Bloemfontein.

Holdings Nos. 4 *to* 9.—Situate about 16 miles from Dealesville and 21 miles from Bultfontein and are reported to be suitable for kaffir-corn, mealies, potatoes, wheat in rainy seasons, large and small stock.

The Government reserves the right to proclaim any roads which it may consider necessary in the interests of the public or of the holdings.

The land is subject to all the terms and conditions of the Deed of Transfer whereunder it is held by the Government.

The internal fencing on these holdings remains the property of the Government who can deal with it as it may deem fit.

Holding No. 10.—Situate about 28 miles from Petrusburg and Fauresmith and is reported to be suitable for cattle, sheep, mealies, wheat, kaffir-corn and cowpeas.

Holding No. 11.—Situate about 4½ miles from Christiana and is reported to be suitable for agriculture and stock farming.

The following improvements are reported to be on the holdings:—

4. Borehole, fountain, fencing.
5. 2 Dwelling-houses, windmill, fencing.
6. Borehole, windmill on borehole, fencing.
7. Windmill, small dam, fencing.
8. Borehole, dam, fencing.
9. Dwelling-house, windmill, dam, 2 wells, fencing.
10. Dwelling-house, dairy, wagon-house and shed, 3 kraals, 2 windmills on boreholes, zinc dam, cement dam, fencing and orchard.
11. Well, fencing.

Applications for Holding No. 12 must be forwarded to the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 747, Capetown.

Hoewe No. 12.—Omtrent 150 myl ten noordweste van Kuruman aan die Moloporivier geleë en is, volgens rapporte, geskik vir klein- en grootvee. Die hoewe is goed oorgroei met inheemse bossoorte en die veld bestaan uit gemengde soetgras.

Die volgende verbeterings bestaan, volgens rapport, op die hoewe:—

Boorgat, windpomp, sink-sementdam en woonhuisie (3 vertrekke, 2 onder sink).

OPMERKING.—Op verskillende hoewes hierby geadverteer, is tydelike huurders of opsigters, en hulle moet toegelaat word om die gesaaides, wat op datum van toekenning op daardie hoewes is, te versorg en te oes.

SPESIALE VOORWAARDES.

Hoewe No. 12.

Onderstaande spesiale voorwaardes sal in die voorgestelde huurkontrakte en die daaropvolgende Kroongrondbriewe opgeneem word, nl., waarby—

(*a*) aan die goewerment die reg verleen word om teen betaling van skadevergoeding die hoewe of enige gedeelte daarvan vir publieke doeleindes of vir 'n uitspanning terug te neem;

(*b*) bepaal word dat bestaande paaie en deurgange vry en onbelemmerd moet bly, of hulle op die kaart aangetoon word of nie, en die huurder van die hoewe verplig word om aan enige aangrensende of naburige eienaar 'n noodweg of -pad te gee na of van die grond van so 'n aangrensende of naburige eienaar;

(*c*) die ontginning van minerale gereël sal word;

(*d*) ten bate van die reisende publiek, die reg voorbehou word om oor die hoewe te gaan en om hulle vee te laat wei aan weerskante van sodanige pad of paaie oor die grond soos aangedui op die kaart(e) as wat met goedkeuring van die Administrateur, deur die Afdelingsraad aangewys mag word vir die doel van trekpaaie; sodanige trekpaaie is nie breër as 200 jaarts aan weerskante van sodanige weg of weë nie, mits egter, dat waar geen weë of, volgens die mening van die Administrateur, onvoldoende weë op die kaart(e) aangedui word, die reisende publiek die reg het om oor die grond te gaan en hulle vee te laat wei langs sodanige roetes of bane as wat met goedkeuring van die Administrateur, deur die Afdelingsraad aangedui mag word vir die doel van trekpaaie; sodanige roetes of bane is egter nie breër as 400 jaarts nie.

ALGEMENE VOORWAARDES.

Die huurkontrakte wat uitgereik sal word, bevat voorwaardes in verband met okkupasie, verbeterings, omheinings, minerale, uitspannings, paaie en sulke ander voorwaardes as wat gewoonlik gestel word in landbouhuurkontrakte, uitgereik kragtens die „Kroongrond Nederzettings Wet, No. 12 van 1912", en Wysigingswette.

Die huur wat jaarliks vooruitbetaal moet word, word bereken op die koopprys volgens onderstaande persentasiebasis:—

Huur.

Hoewes Nos. 1 *tot* 11.
Eerste en tweede jaar: Niks.
Derde jaar: 2 Persent per jaar.
Vierde en vyfde jaar: 3½ Persent per jaar.
Ingeval van verlenging van huurkontrak na vyf jaar: 3½ Persent per jaar.

Hoewe No. 12.
Eerste en tweede jaar: Niks.
Derde, vierde en vyfde jaar: 1 Persent per jaar.
Ingeval van verlenging van huurkontrak na vyf jaar: 1 Persent per jaar.

Ingeval die opsie van voorwaardelike aankoop uitgeoefen word, is die koopprys betaalbaar in 65 gelyke jaarlikse paaiemente wat kapitaal en rente insluit. Laasgenoemde word bereken teen 'n rentekoers van 3½ persent in die geval van hoewes Nos. 1 tot 11 en 1 persent in die geval van hoewe No 12.

Inbesitneming.

Die huurkontrakte wat uitgereik moet word, sal die bepalings bevat dat die huurders die plase wat aan hulle toegeken word, persoonlik en op nuttige wyse moet bewoon binne drie maande vanaf die datum van toekenning en daarna vir minstens elf maande elke kalenderjaar.

Boorgate—

Die huurkontrakte wat aangegaan moet word ten aansien van die hoewes waarop boorgate reeds gemaak is of later gemaak mag word, sal 'n klousule bevat wat die Goewerment die reg van toegang verleen tot, en die reg om water te neem uit die boorgate vir boordoeleindes, gedurende 'n termyn van vyf jaar vanaf die datum van die huurkontrakte.

'n Voorwaarde van die huurkontrak sal wees, dat die suksesvolle applikant vir enigeen van bogenoemde hoewes waarop boorgate bestaan of voor of na toekenning gemaak mag word, met ingang van die datum van toekenning of van voltooiing van die werk, verantwoordelik gehou sal word vir die behoorlike versorging en instandhouding van die boorgat of boorgate op sy hoewe en aanspreeklik sal wees vir enige skade daaraan. Hy moet derhalwe onder geen omstandighede sonder behoorlike pompmasjinerie water daaruit trek nie.

Holding No. 12.—Situate about 150 miles north-west of Kuruman, on the Molopo River, and is reported to be suitable for small and large stock.

The holding is well covered with indigenous bush and the veldt consists of mixed sweet grass.

The following improvements are reported to be on the holding:—

Borehole, wind-mill, iron cement reservoir and dwelling-house (3 rooms, 2 under iron roof).

NOTE.—On several of the holdings hereby advertised there are temporary lessees, or caretakers, and they will be allowed all facilities for the tending and reaping of any crops that may be on these holdings at the date of allotment.

SPECIAL CONDITIONS.

Holding No. 12.

The following special conditions will be inserted in the leases which it is proposed to issue and in the Crown Grants to be issued later:—

(*a*) Giving the Government the right to resume the whole or a portion of any holding required for public purposes or outspan purposes on payment of compensation therefor;

(*b*) stipulating that roads and thoroughfares, whether they are described on the diagram or not, existing on the lands shall remain free and uninterrupted, and requiring the lessee of any holding to grant to any adjacent or neighbouring proprietor a way or road of necessity to or from the land of such adjacent or neighbouring proprietor;

(*c*) governing the exploitation of minerals;

(*d*) reserving to the public travelling over the land the right to pass over and graze their live stock on each side of such road or roads running over the land as shown on the diagram(s) as may, with the approval of the Administrator, be selected by the Divisional Council for the purposes of trekpaths, such trekpaths not to exceed a width of 200 yards on each side of such road or roads, provided that where no roads or, in the opinion of the Administrator, insufficient roads are indicated on the diagram(s), the public travelling over the land shall have the right to pass over and graze their live stock along such routes or courses as may, with the approval of the Administrator, be selected by the Divisional Council for the purposes of trekpaths, such routes or courses, however, not to exceed the width of 400 yards.

GENERAL CONDITIONS.

The leases to be issued will contain conditions relative to residence, improvements, fencing, minerals, outspans, roads, and such other conditions as are usually inserted in the agricultural leases granted under the Land Settlement Act, No. 12 of 1912, as amended.

The rentals, which are payable yearly in advance, are calculated on the purchase price on the following percentage basis:—

Rentals:

Holdings Nos. 1 *to* 11.
First and second years: Nil.
Third year: 2 per cent. per annum.
Fourth and fifth years: 3½ per cent. per annum.
In the event of extension of lease after five years: 3½ per cent. per annum.

Holding No. 12.
First and second years: Nil.
Third, fourth, and fifth years: 1 per cent. per annum.
In the event of extension of lease after five years: 1 per cent. per annum.

